

AGRA'S VISION AND MISSION STATEMENT

VISION

AGRA STRIVES TO BE THE MOST EFFECTIVE AND DYNAMIC AGRICULTURAL BUSINESS ORGANISATION IN NAMIBIA. WE ADD VALUE FOR ALL OUR STAKEHOLDERS BY PROVIDING

- **SUPERIOR SERVICE,**
- **A UNIQUE AND EXTENSIVE RANGE OF PRODUCTS AND**
- **A COUNTRYWIDE DISTRIBUTION NETWORK**

MISSION

TO CREATE WEALTH FOR OUR MEMBERS

AGRA SE VISIE EN MISSIE

VISIE

AGRA STREWE DAARNA OM DIE MEES EFFEKTIEWE EN DINAMIESE LANDBOUBESIGHEID IN NAMIBIË TE WEES. ONS VOEG WAARDE TOE VIR AL ONS BELANGEHOERS DEUR DIE VOLGENDE TE LEWER

- **UITSTAANDE DIENS,**
- **'N UNIEKE EN UITGEBREIDE REEKS PRODUKTE EN**
- **'N LANDSWYE VERSPREIDINGSNETWERK**

MISSIE

OM WELVAART VIR ONS LEDE TE SKEP

CONTENTS	Page	INHOUD	Bladsy
Supervisory Committee's report	1 – 2	Verslag van die Toesighoudende Komitee	1 – 2
Chairman's report	3 – 4	Verslag van die Voorsitter	3 – 4
Chief Executive Officer's report	5 – 16	Verslag van die Hoof Uitvoerende Be ampte	5 – 16
Auditors' report	17	Ouditeursverslag	17
Directors' report	18 – 23	Direkteursverslag	18 - 23
Balance Sheets	24	Balansstate	24
Income Statements	25	Inkomstestate	25
Statements of changes in equity	26	State van verandering in ekwiteit	26
Cash Flow Statements	27 – 28	Kontantvloeiestate	27 – 28
Notes to the Annual Financial Statements	29 - 41	Aantekeninge tot die finansiële state	29 - 41

REPORT OF THE SUPERVISORY COMMITTEE

for the year ended 31 July 2001

The financial results of the past year is evidence of the hard work put in and the board of directors, management and staff are once again congratulated on an excellent achievement. Apart from a few extraordinary factors which contributed to these good results, it should be accepted that these results are to a certain extent contradictory to our country's economy as well as the financial position of the majority of AGRA's members. Against this background the more conservative budget for the coming year is understandable.

The completed Auas Valley project is something which Agra's members can be proud of. The advantage of such diversification is clear; previously underutilised property is now a centre which can help to generate finances from outside agriculture, during lean farming years, to the advantage of agriculture. The disadvantage or risk attached to this diversification is just as clear; if the centre does not attract people, something will have to be done about it. Therefore the marketing of the centre is the responsibility of every director, employee and member.

During the year the SC visited the Registrar of Co-operatives. The purpose was, amongst others, to clear certain aspects regarding the status and the treatment of members' funds. The results were presented to the board of directors to deal with. The crux of the matter is that members who do business with AGRA, will eventually receive a material financial benefit in proportion to AGRA's performance.

It is also evident that there are still references in the statute, by implication, to the previous pool system. Although it is currently not an issue, it is the SC's opinion that these references should be rectified as soon as possible. This should be done in such a manner that the original objectives of AGRA as a comprehensive, countrywide co-operative are best supported.

The transition to a more suitable computer system was much needed. As is generally the case with information technology, there were the normal quota of transitional problems, which demanded time and attention from management. The phasing in of VAT during the year added to the problems. As soon as the system is functioning smoothly, management should have access to much improved management information.

The chairperson of the SC attended all directors' meetings. The SC indicated to the board of directors that the directors should receive the meeting documentation and supporting information timeously to enable them to adequately prepare for meetings. Furthermore, directors and staff who represent AGRA at other institutions should take care to ensure that shared loyalties are not to the detriment of AGRA.

VERSLAG VAN DIE TOESIGHOUDENDE KOMITEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

Die finansiële resultate van die afgelope jaar getuig van harde werk wat ingesit is en die direksie, bestuur en personeel word weereens gelukgewens met 'n goeie prestasie. Benewens enkele buitengewone items wat daartoe bygedra het, moet aanvaar word dat dit effens teenstrydig is met ons land se ekonomie en ook die finansiële posisie van die meerderheid lede van AGRA. Teen hierdie agtergrond is die meer konserwatiewe begroting vir die komende jaar verstaanbaar.

Die Auas Valley projek wat voltooi is, is werklik iets waarop AGRA-lede trots kan wees. Die voordeel van so 'n diversifikasie is duidelik; wat voorheen onderbenutte eiendom was, is nou iets wat in maer boerdery-jare kan help om van buite die landbou finansies te genereer ter wille van die landbou. Die nadeel of risiko verbonde aan diversifikasie is net so duidelik; as die sentrum nie mense lok nie sal dit nie maar net so gelaat kan word nie. Daarom is die bemerking van die sentrum die verantwoordelikheid van elke direkteur, van elke personeellid en van elke lid.

Gedurende die jaar het die TK 'n besoek gebring aan die Registrateur van Koöperasies. Die doel was onder andere om aspekte van die statuut en die hantering van ledefondse uit te klaar. Die resultaat daarvan is aan die direksie voorgedra om verder te hanteer. Die kern van die saak gaan daarom dat lede wat besigheid met AGRA doen, mettertyd 'n wesenlike finansiële voordeel behoort te verkry in verhouding tot sy prestasie.

Dit het ook geblyk dat daar steeds verwysings in die statuut is, al is dit by implikasie, na die vroeëre poelstelsel. Hoewel dit huidig niemand hinder nie, is die TK van mening dat dit liever reggestel moet word solank dit niemand hinder nie. Dit behoort so gedoen te word dat die oorspronklike doelstellings van AGRA as 'n omvattende, landswyse Koöperasie ten beste ondersteun kan word.

Die oorskakeling na 'n meer doelmatige rekenaarstelsel was baie nodig. Soos dit blykbaar maar met inligtingstegnologie gaan, was daar ook in hierdie geval die normale kwota probleme wat baie tyd en aandag van bestuur geverg het. Die infasering van BTW gedurende die jaar het dit nog verder vererger. Sodra die stelsel glad funksioneer behoort bestuur egter toegang te hê tot baie goeie en volledige bestuursinligting.

Alle direksievergaderings is deur die voorsitter van die TK bygewoon. Die TK het aan direksie uitgewys dat direkteure die vergaderingstukke met alle tersaaklike toeligting tydig moet ontvang sodat deeglik voorberei kan word. Verder behoort direkteure en personeel, wat AGRA by instansies verteenwoordig, te let op die moontlikheid dat AGRA se belang dalk tweede kom as gevolg van verdeelde lojaliteit.

REPORT OF THE SUPERVISORY COMMITTEE

for the year ended 31 July 2001

It can be confirmed that the board of directors and management are giving continued attention to affirmative action as prescribed by the Act. Progress is slow, which is understandable, since the training of staff takes time. Furthermore, the co-operative cannot act to its own detriment merely by adhering to quotas. On the other hand it is necessary to have a government certificate of compliance to continue our business. Training programs are in place and promising results are being obtained.

The Co-operative's Act prescribes that a co-operative should have a Supervisory Committee. Initially there was doubt if this is really necessary. Currently we are convinced that the SC has an important role to play and must be utilised fully by all the components of AGRA. The SC acts in the best interest of AGRA.

VERSLAG VAN DIE TOESIGHOUDEnde KOMITEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

Dit kan bevestig word dat direksie en bestuur deurlopende aandag gee aan regstellende aksie soos dit deur die wet voorgeskryf word. Vordering is wel stadig maar dit is te verstane omdat opleiding van personeel nie oornag kan plaasvind nie. Verder verwag niemand dat die Koöperasie homself ten gronde moet rig om aan die nodige kwotas te voldoen nie. Aan die ander kant is die regeringseertifikaat van voldoening 'n vereiste vir die voortsetting van ons besigheid. Opleidingsprogramme is in plek en lewer belowende resultate.

Die Koöperatiewe Wet skryf voor dat 'n Koöperasie 'n Toesighoudende Komitee moet hê. Aanvanklik was daar baie twyfel of dit regtig nodig is. Tans is ons daarvan oortuig dat die TK 'n belangrike rol het om te speel en ten volle benut moet word deur alle komponente van AGRA. Ons dra AGRA se belange op die hart

J H NIEUWOUT
VOORSITTER: TOESIGHOUDEnde KOMITEE
CHAIRMAN: SUPERVISORY COMMITTEE

REPORT OF THE CHAIRMAN

for the year ended 31 July 2001

The world economy is on the verge of a recession. Growth in the USA and Japan is very limited, therefore interest rates are still being reduced to stimulate economic activities.

In our region the recent decline in the value of the Rand, and therefore also of the Namibia Dollar, against the USA dollar is quite drastic. It will most probably continue and the N\$10,00 level by the end of the year is possible, unless there is strong action from South Africa to increase confidence in our region.

Interest rates may be further reduced in the near future which should also stimulate our economy and in such a way create employment opportunities – for which there is a big need.

We once again had a good rainy season and as far as grazing is concerned, we have ample reserves. Even more positive for this year is the increase in the price of livestock, especially cattle.

On a negative side it appears as if the uncertainty regarding the land issue in Zimbabwe has a depressing effect on the business with our members. The uncertainty forces farmers to cut back on their capital investment and even on repairs and maintenance. It is therefore important to obtain clarity on this issue and the eventual goals, in order to ascertain certainty of the farmers' positions so that relevant decisions can be taken and the farmers can go forward with confidence.

VAT was also implemented during the year, which for some had negative and for others positive effects. VAT also had a negative impact on Agra due to the large auction infrastructure and the exports to the South Africa accompanied by the time it takes to claim VAT back from the local Receiver of Revenue. Agra has done its best to support this process ensuring that we do not lose our purchasing power in the best interest of you, our members.

Agra reported a handsome profit of N\$7,55 million for the year under review and more detail is available in the financial statements. Our major capital expenditure program is now completed. It, however, had an impact on our capital composition and means that in the future we will focus even more on profitability. We have a good infrastructure and if we provide a good service there is no reason why this is not possible.

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

Die wêreldekonomie staan waarskynlik op die vooravond van 'n resessie. Groei in die VSA en Japan is baie beperk, daarom word daar steeds teruggesny op rentekoerse om sodoende ekonomiese aktiwiteit te stimuleer.

In ons streek is die verswakking van die rand, en gevolglik ook die Namibië Dollar, teenoor die VSA se dollar in die onlangse verlede redelik drasties. Dit sal na alle waarskynlikheid voortduur en is die N\$10,00 kerf reeds teen jaareinde 'n moontlikheid, tensy daar sterk optrede uit Suid-Afrika kom om meer vertroue in ons streek in te boesem.

Rentekoerse mag verder verlaag in die tyd wat voorlê om ook by ons die ekonomie te stimuleer en sodoende werksgeleenthede te skep – waaraan daar by ons groot behoefte is.

Die afgelope reënseisoen was weereens goed en wat weiding betref blyk daar feitlik nog oral goeie reserwes te wees. Nog meer positief die afgelope jaar is die styging in die prys van lewendende hawe, veral van beeste.

Aan die negatiewe kant wil dit voorkom asof die twyfel wat die hele grondkwestie, met sy aanloop uit Zimbabwe uit, by boere tot gevolg het, neerdrukkend inwerk op besigheid met ons lede. Die onsekerheid noop mense om in te kort op kapitaalspandering en selfs op herstelwerk en onderhoud. Dit is dus noodsaaklik dat daar so spoedig moontlik duidelike riglyne uitgeklaar sal word oor hierdie proses, asook die uiteindelijke doelwitte, sodat boere nie langer onseker hoef te wees oor wat elkeen se posisie is nie, mense die besluite kan neem wat vir hulle relevant is en met vertroue kan voortgaan.

BTW is ook gedurende die jaar ingestel met vir sommige 'n meer positiewe en vir ander meer negatiewe gevolge. So kos dit ook vir Agra tans nog heelwat geld vanweë die groot veilingsinfrastruktuur en die uitvoere na die RSA met die gepaardgaande terugeisproses wat nog baie tyd neem. Agra het egter sy beste gedoen om hierdie proses te help ondersteun om te voorkom dat ons koopkrag verloor, in belang van u as lede.

Agra sluit hierdie jaar af met 'n mooi wins van N\$7,55 miljoen waarvan u meer detail in die finansiële state sal sien. Ons groot kapitaalspandering is nou vir eers afgehandel. Dit het wel 'n impak gehad op ons kapitaalsamestelling en beteken dit dat ons fokus nou en in die toekoms net meer sal moet wees op ons winsgewendheid. Ons beskik oor 'n goeie infrastruktuur – en deur 'n goeie diens te lewer is daar geen rede hoekom dit nie moontlik is nie.

REPORT OF THE CHAIRMAN

for the year ended 31 July 2001

Like the capital spent in Auas Valley, the new IT system was also a big project. Although not without problems, I am glad to report that we have made good progress. We believe that both these projects will have benefits for us as far as cash flow is concerned, and the operational functioning of the business.

The Affirmative Action legislation has been implemented and as is evident, it is a material cost factor for Agra. As communicated to you last year, we are committed to ensure the success of this to the advantage of everybody involved. I would like to call on members to give their co-operation in this regard and to continue to support us, as in the past, to ensure the future success of Agra.

Members do business with Agra - which builds up our organisation, but often they feel that they do not get much in return. The board, on recommendation of the SC of Agra, has after much debate decided to distribute the biggest part of the year's profit to you, the members, instead of taking it to the general reserve. This will enable you as members when you retire or withdraw to receive a material amount back. If circumstances allow it, it is envisaged that the profit will be paid out to you on a five year rotation basis.

During the past year Agra, as in the past, adhered to its social responsibilities as a role player in agriculture, but also in the wider community in Namibia by, for example, providing bursaries to students, sponsorships and information actions.

To everybody involved at Agra, directly or indirectly, I would like to thank you for your contribution to the organisation. The demands made on our staff are high and are ever increasing. The world in which we operate is competitive and we have no other choice but to excel. We have all however seen examples of successes, both in the organisation and on the outside, to encourage everyone.

Also to our co-workers, the SC and my directors my sincere thanks and appreciation. We also thank Him on who we are dependent for the past year and for what we have achieved.

Finally my thanks to every co-director and SC member for your support and contributions made in the best interest of Agra, and together we thank Him who made everything possible this year.

**JW CHAPMAN
CHAIRMAN
VOORSITTER**

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

Soos die kapitaal spandeer in Auas Valley was ook die nuwe rekenaarsstelsel 'n groot projek. Alhoewel nie sonder probleme nie, is ek bly dat ons tans reeds ver gevorder het. Ons glo egter dat beide hierdie projekte vir die langer termyn vir ons groot voordele sal inhou wat inkomstevloei betref, sowel as operasionele funksionering van die besigheid.

Die Regstellende Aksie wetgewing is geïmplementeer en soos u sal sien is dit vir Agra 'n wesentlike kostefaktor, maar soos verlede jaar aan u meegedeel, is ons daartoe verbind om die sukses hiervan te verseker tot voordeel van almal betrokke. Ek wil ook 'n beroep op lede doen om ook saam te werk in dié verband en ons steeds te ondersteun soos in die verlede, om verder die sukses van Agra te verseker.

Lede doen besigheid met Agra – help opbou aan ons organisasie, maar voel dikwels dat daar nie veel na hulle terugkom nie. Die Raad, op aanbeveling van die TK van Agra, het na vele debatvoering besluit om die grootste deel van die jaar se wins aan u as lede toe te ken, in plaas van dit na die Algemene Reserwe te neem, sodat u as lede dan mettertyd by aftrede of uittrede 'n wesentlike bedrag sal terugontvang. Indien omstandighede dit toelaat is dit die gedagte dat dit op 'n vyf jaar rotasiebasis uitbetaal sal word aan u.

Agra het in die afgelope jaar, soos in die verlede, ook sy sosiale verantwoordelikheid nagekom as rolspeler in die landbou, maar ook binne de breë gemeenskap in Namibia deur onder andere beurse aan studente, borgskappe en voorligtingsaksies.

Aan almal direk of indirek betrokke by Agra wil ek graag baie dankie sê vir u bydrae tot die organisasie. Die eise aan ons personeel bly hoog en word steeds hoër – die wêreld waarin ons meeding is kompetender en ons het geen ander keuse as om te presteer nie. Ons sien egter genoeg voorbeelde van mooi suksesse in die organisasie en daarbuite om ons almal verder aan te spoor.

Ook aan ons medewerkers, die TK en my mede-direkteure my opregte dank. So ook dank ons Hom van wie ons afhanklik is, vir die jaar wat verby is en vir dit wat ons kon bereik.

Laastens my dank aan elke mede-direkteur en TK lid vir u ondersteuning en bydraes in belang van AGRA, en saam dank ons Hom wat alles moontlik gemaak het in die afgelope jaar.

OVERVIEW

The year under review was characterised by another relatively good rain season, albeit very late, which contributed substantially to the excellent results achieved in Agra's Livestock Division. Competition continued to remain fierce in the Namibian Retail Sector with more players targeting the declining agricultural market.

On the positive side prime overdraft interest rates declined even further from 15,5% in July 2000 to 14,5% in July 2001. Agra's extensive Capital Expenditure programme was finalised during the year and a period of consolidation is envisaged for the foreseeable future.

Unemployment in our country presents an increasing threat to our economy. This has a direct effect on stock losses and theft in our Retail Stores, which has escalated substantially during the year under review.

We cannot ignore the effect that the terrorist attack in the USA on 11 September 2001 will have on the world economy and therefore also on us in Namibia.

Tourism, one of our growing industries, will probably be affected the most in the short term, while all other industries will feel the effects of higher prices only in the months to come.

As far as the current year is concerned we are pleased to report a net surplus for the Co-operative of N\$7,5 million compared to N\$4,5 million last year and a net surplus of N\$7,55 million for the Agra Group compared to N\$4,1 million last year. These are the amounts before any distribution to members.

OORSIG

Die jaar onder oorsig was weereens gekenmerk deur 'n relatiewe goeie reënseisoen, al was dit baie laat, wat wesenlik bygedra het tot die uitstekende resultate behaal in Agra se Lewende Hawe afdeling. Strawwe kompetisie is steeds ondervind in die Namibiese kleinhandelsektor met meer spelers wat die dalende landboumark teiken.

Aan die positiewe kant het die prima onttrekkingskoerse selfs verder gedaal vanaf 15,5% in Julie 2000 tot 14,5% in Julie 2001. Agra se uitgebreide kapitale investeringsprogramme is gefinaliseer gedurende die jaar en 'n periode van konsolidasie word voorsien vir die nabye toekoms.

Werkloosheid in ons land bied 'n al hoe groter bedreiging vir ons ekonomie. Dit het 'n direkte uitwerking op voorraadverliese en diefstal in ons kleinhandelwinkels wat wesenlik toegeneem het gedurende die jaar onder oorsig.

Ons kan nie die effek wat die terroriste aanval in die VSA op 11 September 2001 op die wêreld ekonomie, en daarom ook op ons in Namibië sal hê, ignoreer nie.

Die toerismebedryf, een van ons groeiende industrieë, sal waarskynlik die meeste beïnvloed word in die korttermyn, terwyl al die ander industrieë die effek van hoër pryse eers sal voel in die maande wat voorlê.

Sover dit die huidige jaar betref, is dit vir ons aangenaam om 'n netto surplus vir die koöperasie te rapporteer van N\$7,5 miljoen in vergelyking met die N\$4,5 miljoen verlede jaar en 'n netto surplus van N\$7,55 miljoen by die Agra groep in vergelyking met die N\$4,1 miljoen verlede jaar. Hierdie is die bedrae voor enige toedeling aan lede.

for the year ended 31 July 2001

Below follows an analysis of AGRA's results:

1. LIVESTOCK

Gross Value of Livestock transactions for the year under review (excluding karakul pelts and wool) amounted to N\$330 million compared to N\$270 million in 2000. This represents an increase of 22%. Net turnover achieved in this category totalled N\$14,70 million compared to N\$10,63 million in 2000, an increase of 38%. Growth in this division was achieved mostly through AGRA's Livestock Auction Business and the successful export of 38 000 sheep and goats to Saudi Arabia.

1.1 KARAKUL

Pelt quantities offered for sale at the two auctions in Copenhagen during December 2000 and June 2001 amounted to 105 496 which shows an increase of 14 % compared to the 92 232 skins sold during the year ending July 2000. Prices of Pelts rose from an average of N\$164,26 in the last financial period to N\$184,94 for the year under review, an increase of 13%.

According to reports received from Agra's partner, Copenhagen Fur Centre in Denmark, and various other important role players in the fur industry abroad, there is cautious optimism regarding the quantity of pelts demanded and the price levels achieved during the last financial year. Anti-fur lobbies are still very active and will determine to an extent the stability of the fur market.

The AGRA Pelt Centre was once again not in a position to break even and showed a loss of N\$213 000 (2000: N\$127 000). This is largely as a result of increased personnel costs which were incurred to ensure a smooth transition from the previous manager of the Pelt Centre, Mr Fanie Viljoen who has left us in July of this year after 13 years of loyal and dedicated serves, to Mr Wessel Visser who joined Agra in August 2000. Agra has also appointed a trainee pelt sorter to ensure that the specific skills necessary to fulfil the sorting function in the pelt centre are maintained.

We are convinced that this division will become profitable in the new financial year.

1.2 OVERALL LIVESTOCK DIVISION

As a result of the increased turnover, cost saving measures and increased margins that were obtained in this division, the net result before Head Office overhead costs achieved increased to N\$4,7 million (2000: N\$1,9 million).

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

Hieronder volg 'n ontleding van Agra se resultate:

1. LEWENDE HAWE

Die bruto waarde van die lewende hawe transaksies vir die jaar onder oorsig (uitgesluit karakoelpelse en wol) het N\$330 miljoen beloop in vergelyking met die N\$270 miljoen in 2000. Dit verteenwoordig 'n toename van 22%. Netto omset behaal in hierdie kategorie het N\$14,70 miljoen beloop in vergelyking met N\$10,63 miljoen in 2000, 'n toename van 38%. Groei in hierdie afdeling was hoofsaaklik behaal deur AGRA se Lewende Hawe veilingsbesigheid en die suksesvolle uitvoer van 38 000 skape en bokke na Saoedi Arabië.

1.1 KARAKOEL

Die hoeveelheid karakoelpelse te koop aangebied by die twee veilings in Copenhagen gedurende Desember 2000 en Junie 2001 beloop 'n totaal van 105 496 pelse wat 'n toename van 14% verteenwoordig in vergelyking met die 92 232 pelse verkoop gedurende die jaar geëindig Julie 2000. Pryse van pelse het toegeneem vanaf 'n gemiddelde van N\$164,26 in die vorige finansiële periode na N\$184,94 gedurende die jaar onder oorsig, 'n toename van 13%.

Volgens verslae ontvang vanaf Agra se vennoot, Copenhagen Fur Centre in Denemark, en verskeie ander belangrike rolspelers in die pelsbedryf oorsee, is daar versigtige optimisme rakende die vraag na pelse en die prysvlakke behaal gedurende die laaste finansiële jaar. Anti-pels drukgroepe is steeds baie aktief en sal tot 'n mate die stabiliteit van die pelsmark bepaal.

Die Agra pelssentrum was weereens nie in 'n posisie om gelyk te breek nie en het 'n verlies getoon van N\$213 000 (2000: N\$127 000). Dit is hoofsaaklik as gevolg van verhoogde personeelkoste wat aangegaan moes word om 'n gladde oorgang te bewerkstellig vanaf die vorige bestuurder van die pelssentrum, Mnr Fanie Viljoen, wat ons verlaat het in Julie hierdie jaar na 13 jaar van lojale en toegewyde diens, na Mnr Wessel Visser wat by Agra aangesluit het in Augustus 2000. Agra het ook 'n leerlingpelssorteerder aangestel om seker te maak dat die spesifieke vaardighede wat nodig is vir die sorteerfunksie behoue bly in die pelssentrum.

Ons is daarvan oortuig dat hierdie afdeling winsgewend sal raak in die nuwe finansiële jaar.

1.2 ALGEHELE LEWENDE HAWE AFDELING

As gevolg van 'n styging in die omset, kostebesparingsmaatreëls en groter marges wat behaal is in hierdie afdeling, het die netto resultaat voor hoofkantoor oorhoofse koste toegeneem na N\$4,7 miljoen (2000 : N\$1,9 miljoen).

2. TRADE

Total Group Turnover amounted to N\$250 million for the current year compared to N\$223 million in 2000. This represents a growth of 12 %.

2.1 RETAIL AGRA BRANCHES

Turnover increased by 11,6% compared to last year. This must be seen against the background of another good rain season which had a negative effect on the sales of feeds and licks and a 46% increase in fuel sales. Although fuel now contributes about 20% to Agra's total sales the gross margin earned by Agra is very low.

Nevertheless we are pleased to report a surplus in the retail division before head office costs of N\$5,3 million compared to N\$4,6 million in the year 2000. This represents an increase of 15% and was achieved under conditions of increased competition, price conscious customers and increased losses as a result of theft and fraud.

2.2 WHOLESALE

This division consists of the Agra Distribution Depot and the gas filling plant in Okahandja. Turnover increased by 4% compared to last year, with the net surplus increasing by 0,5% to N\$1,063 million before head office costs.

2.3 SAFARI DEN

The whole tourism sector in Namibia went through a difficult and declining phase in the year under review, and the Safari Den Division was no exception.

Turnover decreased by 5% compared to last year, while expenses increased by 41% mainly as a result of increased marketing, building and personnel costs.

We are confident that sales will improve in the new financial year and that Safari Den will then once again positively contribute to Agra's Results.

2. HANDEL

Totale groepsomset het N\$250 miljoen beloop vir die huidige jaar in vergelyking met N\$223 miljoen in 2000. Dit verteenwoordig 'n groei van 12%.

2.1 AGRA TAKKE

Omset het toegeneem met 11,6% in vergelyking met verlede jaar. Dit moet gesien word teen die agtergrond van nog 'n goeie reënseisoen wat 'n negatiewe uitwerking gehad het op die verkope van voere en lekke en 'n 46% toename in brandstofverkope. Alhoewel brandstof nou 20% bydra tot Agra se totale verkope, is die bruto marge verdien deur Agra baie laag.

Dit is nogtans vir ons aangenaam om 'n surplus te rapporteer in die kleinhandelafdeling van N\$5,3 miljoen voor hoofkantoor koste in vergelyking met N\$4,6 miljoen in die jaar 2000. Dit verteenwoordig 'n toename van 15% en was behaal onder toestande van toenemende kompetisie, prysbewuste klante en toenemende verliese as gevolg van diefstal en bedrog.

2.2 GROOTHANDEL

Hierdie afdeling bestaan uit die Agra Distribusiesentrum en die gasdepot in Okahandja. Omset het toegeneem met 4% in vergelyking met verlede jaar, met die netto surplus wat gestyg het met 0,5% tot N\$1,063 miljoen voor hoofkantoor koste.

2.3 SAFARI DEN

Die hele toerismebedryf in Namibië het deur 'n swaar en dalende fase gegaan gedurende die jaar onder oorsig, en Safari Den was geen uitsondering nie.

Omset het met 5% gedaal in vergelyking met verlede jaar, terwyl uitgawes toegeneem het met 41% hoofsaaklik as gevolg van toenemende bemarkings-, geboue- en personeel koste.

Ons is vol vertroue dat verkope sal verbeter in die nuwe finansiële jaar en dat Safari Den dan weereens positief sal bydrae tot Agra se resultate.

3. SUBSIDIARIES AND ASSOCIATED COMPANIES

3.1 WIRE INDUSTRIES (PTY) LTD

During the year under review it was decided to consolidate the operations of Wire Industries and Star Plastics into one management unit. Although both units retain their identity, expenses like administration, rental, personnel costs etc. are shared between the businesses thereby reducing their respective overhead cost structures.

Wire Industries' operating profit amounted to N\$139 000 this year compared to N\$95 000 in the preceding year.

3.2 STAR PLASTICS (PTY) LTD

This subsidiary has once again not performed according to expectations. It was therefore decided as outlined in 3.1 above to consolidate management and operations with Wire Industries.

The benefits resulting from an improved cost structure will hopefully ensure that this company will become profitable during the year ahead.

Net operating loss for 2001 amounted to N\$367 000 compared to loss of N\$464 000 in the previous year.

3. FILIALE EN VERWANTE MAATSKAPPE

3.1 WIRE INDUSTRIES (EDMS) BPK

Gedurende die jaar onder oorsig is besluit om die bedrywighede van Wire Industries en Star Plastics in een bestuursseenheid te konsolideer. Alhoewel beide eenhede hulle identiteit behou, word uitgawes soos administrasie, huur, personeelkoste ensovoorts gedeel tussen die besighede en word hul onderskeie oorhoofse kostestrukture verlaag.

Wire Industries se bedryfswins het N\$139 000 beloop hierdie jaar in vergelyking met N\$95 000 in die voorafgaande jaar.

3.2 STAR PLASTICS (EDMS) BPK

Hierdie filiaal het weereens nie na verwagting presteer nie. Gevolglik is daar besluit, soos hierbo in 3.1 uiteengesit, om bestuur en bedrywighede te konsolideer met dié van Wire Industries.

Die voordele wat sal voortspruit uit 'n verbeterde kostestruktuur sal hopelik verseker dat hierdie maatskappy winsgewend sal raak gedurende die jaar wat voorlê.

Die netto bedryfsverlies vir 2001 het N\$367 000 beloop in vergelyking met die verlies van N\$464 000 in die vorige jaar.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2001

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

3.3 ONJAMBA SERVICE STATION

This subsidiary performed reasonably well, although major management and stock-loss problems were experienced during the year. We trust that the current management will ensure that all controls and systems are maintained and implemented, in order to achieve an even better result in the new year.

Turnover amounted to N\$12,5 million with Profit before taxation at N\$104 000 and Profit after taxation at N\$68 000 for the year.

4. AGRA CO-OPERATIVE LIMITED – HEAD OFFICE

Total head office expenses increased by 13% overall compared to the year ending 31 July 2000.

The most notable increases in costs were as follows:

- Human Resources: Costs increased by 29% overall, of which training costs for staff and Affirmative Action expenses had the largest impact.
- Information Technology: As indicated in last year's report, Agra has embarked on the development and implementation of a totally new computer system which entailed the upgrading of most of our computer hardware. Depreciation charges on equipment alone increased by 187% compared to the previous year. This is

3.3 ONJAMBA DIENSSTASIE

Hierdie filiaal het redelik goed vertoon, alhoewel groot bestuurs- en voorraadverliesprobleme ondervind is gedurende die jaar. Ons vertrou dat die huidige bestuur seker sal maak dat alle kontroles en stelsels geïmplementeer en instand gehou sal word, ten einde selfs beter resultate te behaal in die nuwe jaar.

Omset het N\$12,5 miljoen beloop met wins voor belasting van N\$104 000 en wins na belasting van N\$68 000 vir die jaar.

4. AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK – HOOFKANTOOR

Totale hoofkantoorcostes het toegeneem met 13% in vergelyking met die jaar wat geëindig het op 31 Julie 2000.

Toename in kostes wat uitgestaan het, was die volgende:

- Personeelkoste: Koste in totaal het toegeneem met 29% waarvan opleidingskoste vir personeel en regstellende aksie koste die grootse impak gehad het.
- Inligtingstegnologie: Soos aangedui in verlede jaar se verslag, het Agra begin met die ontwikkeling en implementering van 'n totale nuwe rekenaarstelsel, wat insluit die opgradering van die meeste van ons rekenaar hardware. Waardevermindering op toerusting het

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2001

in line with Agra's information technology strategy.

- Financial Department: Costs increased by 25% mostly as a result of additional professional fees which were incurred during the planning and preparation phase for the IT system.

5. AUAS VALLEY SHOPPING MALL

This beautiful and spacious centre was finally completed during March 2001. Unfortunately it is not fully let at the moment due to an oversupply of lettable space in Windhoek and fierce competition for customers in the retail groceries market.

The success of any shopping centre revolves around the capability of the anchor tenant(s) to draw customers into the complex.

More marketing effort needs to be undertaken by both Alfa/Friendly Grocer and Agra as the landlord of the premises to increase the number of clients into the Mall.

6. FINANCIAL RESULTS

The Agra Group achieved a net surplus, before taxation and distribution to members, of N\$7,55 million (2000: N\$4,1 million) and the Co-operative a net surplus of N\$7,5 million (2000: N\$4,5 million). The Board of Directors has allocated an amount of N\$5,0 million to members for the year under review.

Gross Profits increased by 15% for the group and 14% for the Co-operative to N\$54 million and N\$48 million respectively.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2001

toegeneem met 187% in vergelyking met die vorige jaar. Dit is ooreenstemming met Agra se inligtingstegnologie-strategie.

- Finansiële departement: Koste het toegeneem met 25%, hoofsaaklik as gevolg van addisionele professionele fooie wat aangegaan is gedurende die beplannings- en voorbereidingsfase vir die nuwe inligtingstegnologiesestelsel.

5. AUAS VALLEY WINKELSENTRUM

Hierdie pragtige en ruim sentrum is finaal voltooi gedurende Maart 2001. Ongelukkig is dit nie ten volle verhuur op die oomblik nie as gevolg die oorvoorsiening van verhuurbare spasie in Windhoek en strawwe kompetisie vir klante in die kleinhandel kruideniersware mark.

Die sukses van enige winkelsentrum hang af van die vermoë van die ankerhuurder(s) om klante na die kompleks te trek. Meer bemarkingsaksies sal deur beide Alfa/Friendly Grocer en Agra, as die eienaar van die eiendom, onderneem moet word om die aantal klante na die sentrum te verhoog.

6. FINANSIËLE RESULTATE

Die Agra groep het 'n netto surplus, voor belasting en toedeling aan lede, van N\$7,55 miljoen (2000 : N\$4,1 miljoen) behaal en die Koöperasie 'n netto surplus van N\$7,5 miljoen (2000 : N\$4,5 miljoen). Die raad van direkteure het 'n toedeling aan lede van N\$5,0 miljoen vir die jaar onder oorsig gedoen.

Bruto winste het toegeneem met 15% vir die groep en 14% vir die Koöperasie na N\$54 miljoen en N\$48 miljoen onderskeidelik.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER**for the year ended 31 July 2001****VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE****vir die jaar geëindig 31 Julie 2001**

Total expenses increased by 11% for the group and 13% for the Co-operative.
Major cost categories performed as follows compared to the preceding years:

Other Income:	Increased by 27% for the group and 39% for the Co-operative mainly due to the better than expected dividend flows from Agra's investments and the profit generated through the sale of Agra's interest in Veekos Sentraal Ltd and Veekos (Pty) Ltd in Uppington.
Stock Costs:	As mentioned earlier on in this report, the incidence of theft and stock losses has increased dramatically. Although we have implemented more controls and systems to minimise stock losses, it has become virtually impossible to contain this cost item to acceptable levels. Current stock shortages show an increase of 46% over last year and represents 0,44% of total turnover. Agra's target is 0,3% of total turnover.
Marketing Costs:	This item increased by 20% compared to last year. This is in line with Agra's strategy to make our co-operative more visible to all our customers and reflects the competitive retail environment where advertising in the different media is a necessity to retain market share.
Net Property Income:	Rent received improved from N\$3,5 million last year to N\$4,7 million in 2001. Various cost items however also increased substantially like municipal costs with 35%, repairs and maintenance of buildings and auction pens and security with 70% resulting in a net income of N\$910 000 for the current year compared to N\$941 000 in 2000.
Transport Costs:	Increased by 10% overall compared to last year.

Totale uitgawes het toegeneem met 11% vir die groep en 13% vir die Koöperasie.
Die belangrikste kostekategorieë het as volg presteer in vergelyking met die voorafgaande jaar:

Ander inkomste:	Het toegeneem met 27% vir die groep en 39% vir die Koöperasie, hoofsaaklik as gevolg van die beter as verwagte dividend inkomste vanaf Agra se beleggings en die wins gegeneer deur die verkoop van Agra se belang in Veekos Sentraal Beperk en Veekos (Edms) Bpk in Uppington.
Voorraadkoste:	Soos reeds vroeër gemeld in hierdie verslag, het die voorkoms van diefstal en voorraadverliese dramaties toegeneem. Alhoewel ons meer kontroles en stelsels geïmplementeer het om voorraadverliese te verminder, het dit feitlik onmoontlik geraak om hierdie koste-item tot aanvaarbare vlakke te beperk. Huidige voorraadverliese toon 'n toename van 46% teenoor verlede jaar en verteenwoordig 0,44% van totale omset. Agra se teiken is 0,3% van totale omset.
Bemarkingskoste:	Hierdie item het toegeneem met 20% in vergelyking met verlede jaar. Dit is in ooreenstemming met Agra se strategie om ons Koöperasie meer sigbaar te maak vir al ons klante en reflekteer die kompeterende kleinhandelomgewing waar advertensies in die verskillende media noodsaaklik is om marktaandeel te behou.
